

- (a) stel ek hierby Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk aan as alleen agent vir die koop en maal van mielies in die gedeelte van die gebied Suidwes-Afrika noord van die een-en-twintigste Breedtegraad, uitgesonderd die Oostelike Caprivi Zipfel;
- (b) verbied ek hierby die invoer van alle mielieprodukte in die gebied in paragraaf (a) genoem, behalwe op gesag van 'n permit deur die Graanraad uitgereik op die voorwaardes wat die Graanraad goeddink;
- (c) skryf ek hierby voor dat mielieprodukte wat in die gebied Suidwes-Afrika verwerk word, gemerk moet word by wyse van die aanhegting aan die oorspronklike houer daarvan van 'n etiket waarop die naam en adres van die vervaardiger daarvan verskyn; en
- (d) herroep ek hierby Goewermentskennisgewing AG. 1 van 1980.

- (a) I hereby appoint Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk as sole agent for the purchasing and milling of maize in that part of the territory of South West Africa north of the twenty-first degree of Latitude, excluding the Eastern Caprivi Zipfel;
- (b) I hereby prohibit the importation of all maize products into the area mentioned in paragraph (a), except on the authority of a permit issued by the Grain Board on such conditions as the Grain Board may deem fit;
- (c) I hereby prescribe that maize products processed in the territory of South West Africa shall be marked by attaching to the original container thereof, of a label bearing the name and address of the manufacturer thereof; and
- (d) I hereby repeal Government Notice AG. 1 of 1980.

No. AG. 172

1980

WYSIGING VAN PERSONEELREGULASIES VAN DIE LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUIDWES-AFRIKA

Die Administrateur-generaal het op aanbeveling van die raad van die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika die regulasies in die Bylae uiteengesit gemaak kragtens artikel 69 van die Landbankwet, 1944 (Wet 13 van 1944).

BYLAE

Bevoeging van regulasie 11 by Hoofstuk II van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R585 van 17 April 1964

i. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R585 van 17 April 1964 word hierby gewysig deur die volgende opskrif en regulasie aan die einde van Hoofstuk II by te voeg:

"BEHUISING

11. Die Raad kan op die voorwaardes wat hy goevind uit die fondse van die bank geld voorskiet aan 'n amptenaar ten einde so 'n amptenaar in staat te stel om 'n woonerf aan te koop en 'n woonhuis of woonstel vir bewoning deur homself en sy gesin daarop op te rig of te laat oprig of 'n woonhuis of woonstel vir bewoning deur homself of sy gesin op te rig of te laat oprig op 'n woonerf wat reeds sy eien- dom is of 'n woonhuis of woonstel vir bewoning deur homself en sy gesin aan te koop of geld wat ten opsigte van so 'n woonhuis of woonstel verskuldig is, te betaal of die koste verbonde aan verbeterings of herstelwerk aan so 'n woonhuis of woonstel te betaal."

No. AG. 172

1980

AMENDMENT OF STAFF REGULATIONS OF THE LAND AND AGRICULTURAL BANK OF SOUTH WEST AFRICA

The Administrator General on recommendation of the Board of the Land and Agricultural Bank of South West Africa, made the regulations set out in the Schedule, in terms of Section 69 of the Land Bank Act 1944 (Act 13 of 1944).

SCHEDULE

The addition of regulation 11 of Chapter II of the regulations promulgated by Government Notice R585 of 17th April 1964.

1. The regulations promulgated by Government Notice R585 of 17 April 1964 are hereby amended by the addition of the following heading and regulation at the end of Chapter II:

"HOUSING

11. The Board may on such conditions as it deems fit and out of funds of the Bank, advance to any official such monies to enable such official to purchase a residential erf and to erect or have erected a dwelling or flat thereon for occupation by himself or his family or to erect or have erected a dwelling house or flat for occupation by himself or his family on a residential erf already owned by him or to purchase a dwelling or flat for occupation by himself or his family or to pay any monies owing in respect of such dwelling or flat or to pay the costs of improvements or repairs to such dwelling or flat."

Vervanging van Regulasie 1 van Hoofstuk VII van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R585 van 17 April 1964.

2. (i) Regulasie 1 van Hoofstuk VII van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R585 van 17 April 1964 word hierby deur die volgende regulasie vervang.

“ 1. Behalwe in sover in hierdie Hoofstuk spesiaal anders bepaal word, kan die Raad betaling deur die Bank van 'n subsidie op reisgeld magtig, ten opsigte van 'n retoer- of rondreis per spoor binne die grense van die Gebied en die Republiek van Suid-Afrika vir 'n ononderbroke reis per spoor van die aanvangspunt en terug, wat deur 'n amptenaar, pensioentrekker, eggenote of kind soos omskryf vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk, nie meer as een maal per kalenderjaar onderneem word of onderneem sal word nie, in die klas wat die Hoofbestuurder bepaal.”

“ 2. Subregulasie (1) word geag op 1 September 1979 in werking te getree het.

Substitution of Regulation 1 of Chapter VII of the regulations promulgated by Government Notice R585 of 17th April 1964

2. (i) Regulation 1 of Chapter VII of the regulations promulgated by Government Notice R585 of 17th April 1964 is hereby substituted by the following regulation.

“ 1. Except as is in this Chapter, expressly otherwise provided for, the Board may authorise the payment by the Bank of a subsidy on travelling expenses in respect of a return or circular journey by rail within the borders of the Territory and the Republic of South Africa for an uninterrupted journey by rail from the point of departure and return, undertaken or to be undertaken by an official, pensioner, wife or child as defined for the purposes of this Chapter, not more than once per calendar year, in the class as determined by the General Manager.”

2. Subregulation (i) shall be deemed to have come into operation on 1 September 1979.

No. AG. 173

1980

WYSIGING VAN DIE REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE VLEISHANDELBEHEERORDONNANSIE, 1962

Die Administrateur-generaal het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 9 van die Vleishandelbeheerordonnansie, 1962 (Ordonnansie 20 van 1962), die regulasies vervat in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Vervanging van vorm C by regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 87 van 1963, soos vervang by Goewermentskennisgewing R. 1859 van 1971 en gewysig deur Goewermentskennisgewing AG. 77 van 1978

Vorm C by die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 87 van 1 Junie 1963 word hierby deur die volgende vorm vervang:

“ VORM C

No. AG. 173

1980

AMENDMENT OF THE REGULATIONS MADE UNDER THE MEAT TRADE CONTROL ORDINANCE, 1962

The Administrator-General has under the powers vested in him by section 9 of the Meat Trade Control Ordinance, 1962 (Ordinance 20 of 1962), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

Substitution of Form C to the regulations published by Government Notice 87 of 1963, as substituted by Government Notice R. 1859 of 1971 and amended by Government Notice AG. 77 of 1978

The following form is hereby substituted for Form C to the regulations published by Government Notice 87 of 1 June 1963:

“ FORM C

**VLEISHANDEL-
BEHEERAAID S.W.A.
1981 — VORM C**

**MEAT TRADE CONTROL BOARD S.W.A.
FORM C — 1981**

**FLEISCHHANDELS-
KONTROLLRAT S.W.A.
FORM C — 1981**

**STRENG VERTROULIK / SLEGS VIR
GEBRUIK DEUR VLEISHANDELBE-
HEERAAID SWA.**

**STRICTLY CONFIDENTIAL / FOR USE BY
MEAT TRADE CONTROL BOARD
SWA ONLY**

**STRENG VERTRAULICH / NUR ZUM
GEBRAUCH VOM FLEISCHHANDELS-
KONTROLLRAT SWA**

Ek die ondergetekende
I the undersigned
Ich, der Unterzeichnete

boer op die volgende plaas/plase
farm on the following (farm(s))
bewirtschaftete folgende Farm (en)

	NAAM/NAME NAME(S) NAME(N)	NR. NO NR.	GROOTTE SIZE GRÖSSE	DRAKRAG CARRYING CAP TRAGFÄHIGKEIT	DISTRIK DISTRICT DISTRIKT
Eiendoms plaas/plase Own property (ies) Eigentumsfarm (en)					
Huur plaas/plase Lease farm(s) Pachtfarm(en)					

Medehuurders
Co-lessees
Gemeinschaftspächter

'n Beëdigde verklaring t.o.v. alle huurplase en/of huurweiding moet **jaarliks** saam met hierdie verklaring ingedien word.

A sworn declaration in respect of all lease farms and/or lease grazing must **annually** be handed in together with this declaration.

Eine beeidigte Erklärung bezüglich aller Pachtfarmen und/oder Pachtweide muss **jährlich** zusammen mit dieser Erklärung eingereicht werden.

Ek is 'n **produsent/gelisensieerde spekulant** (skrap wat nie van toepassing is nie) en ek is regmatig in besit van die volgende totale lewende hawe ten tye van hierdie verklaring.

I am a **producer/licenced speculator** (delete whichever is not applicable) and I am in lawful possession of the undermentioned total number of live-stock at the date of making this declaration.

Ich bin ein **Produzent/zugelassener Händler** (nichtzutreffendes streichen) und ich bin zur Zeit der Ausfüllung dieser Erklärung, der rechtmässige Besitzer der unten aufgeführten Gesamtviehzahl

My be-oogde laaiprogram is soos volg: (B) beheerde gebiede in die RSA en/of plaaslike fabriek of (O) nie-beheerde gebiede (Oopmark).

My expected loading programme is as follows: (B) controlled areas in the RSA and/or local factories or (O) non-controlled areas (open markets).

Mein voraussichtliches Verladeprogramm ist wie folgt: (B) kontrollierte Gebiete in der RSA und/oder lokale Fabriken oder (O) nicht kontrollierte Gebiete (offener Markt).

KOEIE
COWS
KUH
KALWERS (jonger as 12 mde)
CALVES (under 12 months)
KÄLBER (unter 12 Monaten)
VERSE
HEIFERS
FÄRSEN
TOLLIES
STEIFERS
JUNGOCHSEN
OSSE
OXEN
OCHSEN
TOTAAL
TOTAL
TOTAL

SKAPE
SHEEP
SCHAFEN
BOKKE
GOATS
ZIEGEN
VARKE
PIGS
SCHWEINE

	JANUARIE JANUARY JANUAR	FEBRUARIE FEBRUARY FEBRUAR	MAART MARCH MÄRZ	APRIL APRIL APRIL	MEI MAY MAI	JUNIE JUNE JUNI	JULIE JULY JULI	AUGUSTUS AUGUST AUGUST	SEPTEMBER SEPTEMBER SEPTEMBER	OKTOBER OCTOBER OKTOBER	NOVEMBER NOVEMBER NOVEMBER	DESEMBER DECEMBER DEZEMBER	TOTAAL TOTAL TOTAL
Beeste (B) Cattle Rinder (O)													
Skape (B) Sheep Schafe (O)													
Bokke (B) Goats Ziegen (O)													
Varke (B) Pigs Schweine (O)													

Märkte
Markets
Märkte

Laaistase
Loading station
Verladestation

Afstand (km)
Distance (km)
Abstand (km)

Ek die ondergetekende verklaar dat besonderhede soos verstrekt in hierdie opgawe juist en korrek is. Bowendien onderneem ek om voor die 15de dag van die maand wat die laaimaand voorafgaan, 'n aansoek om 'n permit in te handig.

I the undermentioned declare that the particulars mentioned in the statement, are true and correct. Furthermore I undertake to apply for an export permit before the 15th day of a month which precedes the month of loading.

Ich der Unterzeichnete erkläre, dass die Einzelheiten in dieser Aufstellung wahr und richtig sind. Zuzüglich verpflichte ich mich, um vor dem 15. Tag des Monats, der dem Verlademonat vorausgeht, einen Antrag für ein Exportpermit zu stellen.

Geregistreerde veebrande
Registered cattle brands
Registrierte Viehbrände

POSADRES
POSTAL ADDRESS
POSTADRESSE

HANDTEKENING VAN DEKLARANT
SIGNATURE OF DECLARANT
UNTERSCHRIFT DES ERKLÄRENDE

'Ten opsigte van so 'n verklaring is daar geen seelregte aan die Administrasie betaalbaar nie (GKN 87/1963)

(No stamp duty shall be payable to the Administration in respect of such a declaration (G N 87/1963)

(Stempelgebühren sind wegen solch einer Erklärung nicht an die Administration zu entrichten (Regierungsbekanntmachung 87/1963)

**VLEISHANDELBEHEERRAAD
S.W.A.**

Daar die Vleishandelbeheerraad S.W.A. begerig is om verklarings te ontvang betreffende die uitvoer van beeste en kleinvee na markte in die Republiek en verslagting by die plaaslike fabriek vir die jaar word alle uitvoerders van lewende hawe versoek om die keersy korrek in te vul en **NIE LATER NIE AS 31 JANUARIE 1981 TE STUUR AAN** —

Die Bestuurder, Vleishandelbeheerraad S.W.A.
Posbus 38, WINDHOEK, 9000, Tel. 3-3188 — 3-3189.

Die aangehegte verklaring moet aantoon die getal beeste en/of kleinvee wat die eienaar besit en watter getal hy voornemens is om te bemark.

AANDAG: Bo en behalwe hierdie verklaring moet daar op die voorgeskrewe vorm afsonderlik aansoek gedoen word ten opsigte van enige lewende hawe wat vir bemarking bestem is.

Indien die Raad net een trok aan u sou toeken, sal u dit kan benut? (Ja of nee)

REGULASIE 19 (b) Elkeen wat in 'n aansoek, verklaring, telegram of opgawe ingevolge hierdie regulasies, gedoen, deurgestuur of indien 'n verklaring doen wat na sy wete vals is of wat hy op geen redelike gronde as juis kan aanneem nie, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand of by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

Vroeë verklarings sal die werk van die Raad vergemaklik.

Permitte is nie oordraagbaar nie sonder die toestemming van die Vleishandelbeheerraad S.W.A. en sulke toestemming moet vooraf verkry word.

Permitte sal ongeldig wees as dit gebruik word vir vee wat nie die eiendom van die permitthouer is nie.

Permitte moet ten minste 7 dae voor vervaldatum aan die Raad teruggestuur word, indien die permitthouer nie in staat of nie voornemens is om daarvan gebruik te maak nie. Die permitte kan dan oorgeskryf of gekanselleer word.

Indien die uitvoerder nie van voorneme is om van die permit soos uitgereik gebruik te maak nie, verval die permit en moet die uitvoerder weer aansoek doen.

**MEAT TRADE CONTROL
BOARD S.W.A.**


As the Meat Trade Control Board S.W.A. is desirous of receiving declarations in respect of the export of cattle and smallstock to the markets of the Republic and slaughterings at local factories during the year all exporters of livestock are hereby requested to complete the reverse page and return it not **LATER THAN 31st JANUARY, 1981 TO** —

The Manager, Meat Trade Control Board S.W.A.
P.O. Box 38, WINDHOEK 9000, Telephone 3-3188 — 3-3189.

Declarations duly completed, should state the number of cattle and/or smallstock the owners possess and which are intended for marketing.

ATTENTION: Apart from the declaration a prescribed application form must be submitted in respect of any livestock to be marketed.

Should the Board not you one trok only, can you utilise it? (Yes or no)



REGULATION 19 (b): Any person who in any application, declaration, telegram or return made, sent or rendered under these regulations, makes any statement which is false to his knowledge, or which he has no reasonable grounds for believing to be correct, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred rand or in default of payment to imprisonment for a period not exceeding six months.

Early declarations will facilitate the work of the Board.

Permits are not transferable without the permission of the Meat Trade Control Board S.W.A. which permission must be obtained in advance.

Permits become invalid if used for stocks other than the property of the permit holder.

Permits must be returned to the Board at least 7 days before expiration, if a permit holder is unable or does not intend to make use of any such permit. The permit can then be transferred or cancelled.

If a permit holder has no intention to make use of the permit as issued, the permit lapses and the exporter will be required to apply anew

**FLEISCHHANDELSKONTROLL-
RAT S.W.A.**

Da der Fleischhandelskontrollrat S.W.A. wünscht, Erklärungen über den Export von Rindern und Kleinvieh nach den Märkten in der Republik und Schlachtungen in örtlichen Fabriken während des Jahres zu erhalten, werden alle Exporteure von Lebendvieh hierdurch ersucht, diese Rückseite auszufüllen und **BIS ZUM 31. JANUAR 1981 EINZUREICHEN AN** —

Der Geschäftsführer des Fleischhandelskontrollrates, S.W.A.
Postfach 38, WINDHOEK 9000, Telefon 3-3188 — 3-3189

Vorschriftsmässig ausgefüllte Erklärungen müssen die Anzahl der Rinder und/oder des Kleinviehs angeben, die der Eigentümer besitzt und die er zu bemarken beabsichtigt.

ZU BEACHTEN: Neben dieser Erklärung muss ein vorschriftsmässiger Antrag für jedes Lebendvieh eingereicht werden welches bemarktet werden soll.

Falls der Rat Ihnen nur einen Waggor zuteilt, würden Sie davon gebrauch machen können? (Ja oder nein)

BESTIMMUNG 19(b). Wer in einem Antrag, einer Erklärung, einem Telegramm oder einem Bericht gemäss diesen Bestimmungen wissentlich falsche Angaben macht oder keine annehmbaren Gründe dafür anführen kann, dass nach seiner Meinung die Angaben richtig sind, macht sich strafbar und wird bei Verurteilung mit einer Geldstrafe bis zu R100 oder im Nichtzahlungsfalle mit Gefängnis bis zu sechs Monaten bestraft.

Frühzeitig eingereichte Erklärungen erleichtern die Tätigkeit des Rates.

Die erteilten Ausfuhrpermits sind nicht übertragbar ohne Erlaubnis des Fleischhandelskontrollrates, S.W.A. Eine solche Erlaubnis muss im voraus erlangt werden.

Die Permits werden ungültig, wenn sie für anderes als dem Permitinhaber gehöriges Vieh verwendet werden.

Die Permits sind mindestens 7 Tage vor ihrem Ablauf dem Rat zurückzugeben, wenn der Permitinhaber nicht in der Lage ist oder nicht beabsichtigt, von einem solchen Permit Gebrauch zu machen. Solche Permits können dann überschrieben oder gestrichen werden.

So wird das Permit hinfällig, und der Exporteur muss einen neuen Antrag stellen.

No. AG. 174

1980

VERPLIGTE BYDRAES TOT KOSTE MET BETREKKING TOT JAKKALSDRAADHEININGS: KRING ZARIS, DISTRIK MALTAHÖHE

Ingevolge artikel 1 van die Wysigingsordonnansie op die Omheiningsproklamasie, 1957 (Ordonnansie 6 van 1957) —

- (a) verklaar ek hierby dat bydraes tot die koste in subartikel (1) van genoemde artikel 1 bedoel, verpligtend is in die kring Zaris in die distrik Maltahöhe in die Bylae uiteengesit; en
- (b) herroep ek hierby Goewermentskennisgewings 36 van 1 Maart 1966, 181 van 1 Oktober 1966, 210 van 15 November 1966, 106 van 15 Julie 1968, 171 van 1 November 1968, 801 van 29 Mei 1970, 1539 van 1 September 1972, 2049 van 31 Oktober 1975, 649 van 22 April 1977, 1586 van 22 Augustus 1977 en 2529 van 9 Desember 1977.

BYLAE

KRING ZARIS

Vanaf die verste noordelike hoekbaken van Goede Hoop 135 algemeen in 'n suidoostelike rigting langs die grense van en insluitende die volgende plase in die distrik Maltahöhe, naamlik

Genoemde Goede Hoop 135, Hauchabfontein 5, Hyas 99, Moorivier 160, Neuhof Suid 100, Hammerstein 102, Gedeelte A (Swartmodder Suid) van Swartmodder 101, Uitkomst 158, Zaris 103, Steinfeld 104, Nam 86, Nubib 42, genoemde Hammerstein 102, Draaihoek 119, Welverdiend 140, Geluk 138, Witwater 139, Sesriem 137, Oorwinning 234, Sukses 133, Middelpos 169, Weltevrede 404, genoemde Middelpos 169, genoemde Sukses 133 en genoemde Goede Hoop 135 tot by die verste noordelike hoekbaken van genoemde Goede Hoop 135, synde die beginpunt.

No. AG. 174

1980

OBLIGATORY CONTRIBUTIONS TOWARDS COSTS IN RELATION TO JACKAL-PROOF FENCES: ZARIS AREA, DISTRICT OF MALTAHÖHE

In terms of section 1 of Fencing Proclamation Amendment Ordinance, 1957 (Ordinance 6 of 1957) —

- (a) I hereby declare that contributions towards the costs referred to in subsection (1) of the said section 1 shall be obligatory in the Zaris area in the district of Maltahöhe set out in the Schedule; and
- (b) I hereby repeal Government Notices 36 of 1 March 1966, 181 of 1 October 1966, 210 of 15 November 1966, 106 of 15 July 1968, 171 of 1 November 1968, 801 of 29 May 1970, 1539 of 1 September 1972, 2049 of 31 October 1975, 649 of 22 April 1977, 1586 of 22 August 1977 and 2529 of 9 December 1977.

SCHEDULE

ZARIS AREA

From the northernmost corner beacon of Goede Hoop 135 generally in a south-eastern direction along the boundaries of and including the following farms in the district of Maltahöhe, namely —

The said Goede Hoop 135, Hauchabfontein 5, Hyas 99, Moorivier 160, Neuhof South 100, Hammerstein 102, Portion A (Swartmodder South) of Swartmodder 101, Uitkomst 158, Zaris 103, Steinfeld 104, Nam 86, Nubib 42, the said Hammerstein 102, Draaihoek 119, Welverdiend 140, Geluk 138, Witwater 139, Sesriem 137, Oorwinning 134, Sukses 133, Middelpos 169, Weltevrede 404, the said Middelpos 169, the said Sukses 133 and the said Goede Hoop 135 to the northernmost corner beacon of the said Goede Hoop 135, being the point of beginning.